

Sondag 5 November

Skrifgedeelte: Handeling 2:1-13

Fokusgedeelte: Handeling 2:3

Toegerus van bo

Jesus Christus het met sy hemelvaart sy koningstroon in die hemel bestyg. Sy dissipels het biddend in Jerusalem gewag op die vervulling van sy belofte. Dan, met die Joodse Pinksterfees (oesfees) breek sy koningskap kragtig, *hoorbaar en sigbaar* in hierdie sondewêreld deur. Die koninkryk van God is so onstuitbaar soos 'n geweldige stormwind, en word gedra deur die getuienis van vuurtonges wat uit die hemel aan die brand gesteeke word.

Wat sou dit beteken? Jesus Christus se oorwinning word deur die werking van die Heilige Gees in sy dissipels se lewens uitgestort. Die dissipels word deur God in beslag geneem en met al die nodige gawes toegerus om nou sy gestuurdes (*apostels*) te kan wees. In die tale van die destydse bekende wêreld sou hulle die opdrag van Handeling 1: 8 kon gehoorsaam. Toegerus van bo sal hulle nou, vanuit die krag van sy oorwinning en die toerusting van God se Gees, sy koningskap oor die hele aarde kan verkondig.

Die feit van Jesus Christus se hemelse koningskap word met Pinkster 'n aardse werklikheid. Sy liggaam word geestelik bekragtig vir die baie belangrike taak om in hierdie "*laaste dae*" besig te wees met sy allerlaaste opdrag.

Is dit waarmee ons besig is? Hoekom is ons dan so kragteloos, magteloos en moedeloos? Hoekom kla ons dat sy opdrag heeltemal te groot en omvangryk is? Hoekom wag asof iets nog van bo moet gebeur?

Die boodskap van Pinkster is duidelik: Sy liggaam is reeds toegerus van bo om nou diensbaar te wees hieronder.

Sing: Skrifberyming 14

Prof. IW (Naas) Ferreira (Teologiese Skool)